**Donderdag 7 Desember**
**Skrifgedeelte: Johannes 1:15-34; Lukas 3:21, 22**
**Fokusgedeelte: Johannes 1:30 (AFR53)**
**Daar is die Lam!**

Johannes maak in ons gedeelte 'n paar uitsprake wat vir die hoorders lewensveranderend moes wees, maar op daardie stadium het hulle dit nog nie verstaan nie. Hier by Jesus se doop begin Christus om sy bedieningswerk en sy lydingswerk op te neem, en die uitsprake van Johannes wys dit ook uit.

Eers het Johannes net gepraat van Een wat groter as hy is wat kom. Die volgende dag kon hy wys na die Een wat groter as hy is met die woorde: *Daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem.*

Daar is die Lam! Dit is 'n geweldige uitspraak! Dit is die Lam waarvan Eksodus 12, elke offer van die Ou Testament en Isak wat geoffer moes word, gepraat het. Eers was daar 'n lam geoffer vir elke sondaar. Toe vir elke huisgesin, toe vir die hele volk en in Christus kom Hy as finale offer om vir uitverkorenes uit alle volke, tale en nasies te sterf.

Johannes sê egter nog meer. Ons leer nie net dat Christus waarlik die Seun van God (Joh. 1:34) is nie, maar ook dat die Heilige Gees op Christus neergedaal het. Dit is dieselfde Gees wat later op die kerk uitgestort word – dit is hoe Christus met die Gees doop – wat die kerk se oë oopmaak om Christus te sien, ken en verkondig (Hand. 2).

Daarmee saam het nog iets gebeur. Lukas 3:21, 22 vertel hoe God se stem gehoor word. Dit is die stem van die Vader: U is my Geliefde Seun; in U het Ek 'n welbehae (vgl. ook Ps. 2 en 110).

Hier sien ons 'n duidelike openbaring van die Drie-Eenheid. Die Vader wat sy geliefde Seun stuur om vir ons sondes te sterf. Hy ontvang die Heilige Gees om Hom te versterk. Dit is dieselfde Gees wat ons ontvang het om ons te oortuig dat Christus die Lam van God is, geslag om nie net vir ander nie, maar ook vir my te sterf en my sondes van my weg te neem.

*Sing: Psalm 2-1:1, 4*

*Ds. W Brotherton (Werner) (Vryheid)*